“**munisipale bestuurder**” die persoon wie as die munisipale bestuurder van die munisipaliteit aangestel ingevolge die bepalings van artikel 54A van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels Wet, 2000 (Wet 32 van 2000) en sluit enige persoon in:

- (a) wat in sodanige pos waarneem; en
- (b) aan wie die munisipale bestuurder enige magte, funksie of pligte delegeer het in soverre dit die uitvoering van daardie magte, funksie of pligte aangaan;

“**munisipaliteit**” beteken die Hessequa Munisipaliteit wat ingevolge Artikel 12 van die Wet op Munisipale Strukture, 117 van 1998 gestig is en sluit enige politieke struktuur, politieke ampsdraer, en behoorlik gemagtigde verteenwoordiger daarvan in of enige werknemer daarvan wat ingevolge hierdie verordening optree uit hoofde van ’n bevoegdheid wat by die munisipaliteit berus en aan sodanige politieke struktuur, politieke ampsdraer, verteenwoordiger of werknemer gedelegeer of subgedelegeer is;

“**openbare byeenkoms of optog**” beteken ’n optog of byeenkoms van meer as tien mense;

“**openbare gerief**” beteken —

- (a) enige stuk grond, plein, kampeerplek, swembad, strand, baai-area, sportgrond, openbare oord, openbare oop ruimte, ontspanningsterrein, rivier, natuureservaat, diere-, botaniese of ander tuin of park of voetslaanpad, met inbegrip van enige gedeelte daarvan en enige gerief of apparaat daarin of daarop, wat die Munisipaliteit se eiendom is of deur die Munisipaliteit besit, beheer of verhuur word waartoe die breë publiek toegang het, hetsy by betaling van toegangsgeld of nie, maar sluit ’n openbare pad of straat uit;
- (b) ’n gebou, struktuur, saal of kantoor, met inbegrip van enige gedeelte daarvan of enige fasiliteit of apparaat daarin, wat die Munisipaliteit se eiendom is of deur die Munisipaliteit besit, beheer of verhuur word en waartoe die breë publiek toegang het, hetsy by betaling van toegangsgelde of nie; en
- (c) ’n openbare gerief beoog in paragrawe (a) en (b) indien dit ingevolge ’n ooreenkoms tussen ’n persoon en die Munisipaliteit wettig beheer of bestuur word;

“**oprig**” ten opsigte van ’n kennisgewingbord beteken om dit op te rig, aan te bring, vas te maak of staan te maak;

“**park**” enige stuk grond onder die beheer van die Munisipaliteit wat vir die gebruik van die publiek deur die Munisipaliteit as ’n park in stand gehou word;

“**persoon**” sluit ’n vereniging of organisasie in;

“**tuin**” beteken enige stuk grond onder die beheer van die Munisipaliteit wat as ’n tuin vir die gebruik van die publiek deur die Munisipaliteit in stand gehou word;

“**verbruik**” ten opsigte van ’n alkoholiese drank beteken om van ’n oopgemaakte houer wat ’n alkoholiese drank bevat, te drink, dit te gebruik of dit te besit; en

“**voertuig**” beteken enige voertuig aangedryf deur meganiese, diere-, natuurlike of mensekrag en sluit in enige fiets, vaartuig of vliegtuig, maar sluit nie ’n rolstoel of ’n stootwaentjie in wat met die hand gedryf of aangedryf word en uitsluitlik vir die vervoer van ’n kind of invalide gebruik word nie.

## 2. Doelwitte en oogmerke

Die munisipaliteit aanvaar hierdie verordening met die doel om toegang tot en die gebruik van openbare geriewe wat aan die munisipaliteit behoort of onder die beheer van die munisipaliteit is te beheer.

## HOOFSTUK I:

### ALGEMENE BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN OPENBARE GERIEWE

#### 3. Getal besoekers

Die Munisipaliteit mag van tyd tot tyd die volgende bepaal —

- (a) die maksimum getal persone of die maksimum getal voertuie wat op ’n spesifieke tydstip in of by ’n openbare gerief teenwoordig mag wees; en
- (b) verskillende klasse voertuie wat op ’n spesifieke tydstip in of by ’n openbare gerief teenwoordig mag wees en dit mag tussen openbare geriewe onderskeid tref.

#### 4. Toelating tot openbare gerief

- (1) ’n Openbare gerief is vir die publiek oop op die tye en datums en onderworpe aan sodanige voorwaardes soos wat per besluit deur die Munisipaliteit van tyd tot tyd ten opsigte van verskillende geriewe bepaal mag word met inagneming van artikel 6(1)(a).
- (2) Die munisipaliteit mag bepaal watter aktiwiteite in ’n openbare gerief onderneem of nie onderneem mag word nie en dit sluit die volgende in, maar is nie daartoe beperk nie —

- (a) die bestuur van 'n motorvoertuig of verskillende klasse voertuie in 'n openbare gerief;
  - (b) die vlieg van vlieërs, wind branderry, vlieër branderry en watersportaktiwiteit of die gebruik van bote of ander kragaangedrewe vaartuie op enige dam of strand onder die munisipaliteit se beheer.
- (3) Die Munisipaliteit mag van tyd tot tyd aan enige persoon of persone gedurende sodanige ure en vir sodanige tydperk as wat hy mag goeddink, die eksklusiewe reg van openbare geriewe toeken vir speletjies, 'n openbare vergadering, kermis, 'n vertoning of ander funksie of vermaak.
- (4) Die Munisipaliteit mag met die oog op instandhouding, ontwikkeling, sekuriteit, veiligheid of openbare gesondheid tydelik of permanent —
- (a) 'n openbare gerief of gedeelte daarvan sluit; of
  - (b) alle of enige bedrywighede daarop staak.
- (5) Waar 'n persoon in 'n openbare gerief ingevolge hierdie verordening 'n misdryf begaan het, mag 'n beampte sodanige persoon gelas om die openbare gerief te verlaat, en 'n persoon wat aldus gelas word om die gerief te verlaat moet die gerief onmiddellik verlaat volgens die kortste roete wat vir die publiek beskikbaar is.
- (6) Waar 'n beampte op redelike gronde vermoed dat 'n persoon wat 'n openbare gerief wil binnegaan, voornemens is om 'n misdryf ingevolge hierdie Verordening of enige ander wet in of op die openbare gerief te begaan, mag hy of sy die betrokke persoon toegang weier.

## **5. Toegangsgeld**

- (1) Die Munisipaliteit mag ingevolge 'n besluit van tyd tot tyd verskillende toegangsgelde hef en toegangskartjies uitreik ten opsigte van persone van verskillende ouderdomme, groepe persone; of verskillende kategorieë voertuie en die munisipaliteit mag konsessies verleen ten opsigte van die toegangsgelde wat betaal moet word.
- (2) Toegangsgeld moet by die ingang van 'n openbare gerief betaal word, behalwe waar 'n ander plek aangegee word op 'n kennisgewingbord wat ingevolge Artikel 6(1) opgerig is.
- (3) 'n Toegangskartjie soos beoog in subartikel (1) is geldig vir die tydperk beoog in subartikel (4).

- (4) Toegangsgeld moet betaal word ten opsigte van elke dag of gedeelte van 'n dag waartydens 'n persoon, groep of voertuig in 'n openbare gerief is of bly, en is geldig vir die dag, met dien verstande dat indien 'n persoon 'n openbare gerief voor 10:00 verlaat op 'n dag wat nie die dag van sy/haar aankoms by die openbare gerief is nie, hoef hy of sy nie toegangsgeld te betaal vir die dag waarop hy of sy die gerief verlaat nie.
- (5) Geen fooi bedoel in subartikel (1) is terugbetaalbaar waar enige gedeelte van die tydperk ten opsigte waarvan so 'n bedrag wat betaal is nie gebruik is nie of nie gebruik kan word nie, met dien verstande dat die bedrag wat ten opsigte van elke volle dag betaal is en wat nie gebruik is nie, met die goedkeuring van die munisipaliteit, en indien die aansoeker skriftelik aansoek doen, terugbetaal kan word en vir die doeleindes van hierdie subartikel beteken "volle dag" 'n periode van 24 uur wat om 10:00 van enige dag 'n aanvang neem.
- (6) 'n Beampte het die reg om 'n persoon in 'n openbare gerief te vra om onmiddellik die toegangskaartjie wat aan hom of haar uitgereik is, te toon, en 'n persoon wat nalaat om die toegangskaartjie te toon, begaan 'n misdryf en enige persoon wat 'n openbare gerief binnegaan sonder om die toegangsgeld te betaal, pleeg 'n misdryf.

## **6. Kennisgewingborde**

- (1) Die Munisipaliteit mag 'n kennisgewingbord by die ingang na of in die onmiddellike omgewing van 'n openbare gerief oprig, waarop enigeen of al die volgende besonderhede verstrek word:
  - (a) die tye, datums en voorwaardes wat van toepassing is op toegang tot en gebruik van die openbare gerief;
  - (b) die gelde wat betaal moet word om die openbare gerief binne te gaan; en
  - (c) indien die openbare gerief of gedeelte van die openbare gerief gesluit is, of indien alle of enige aktiwiteite in die openbare gerief opgeskort is.
- (2) Geen persoon behalwe 'n beampte of ander persoon wat ingevolge hierdie Verordening gemagtig is om dit te doen, mag 'n kennisgewingbord wat die Munisipaliteit ingevolge hierdie Verordening opgerig het, verskuif, die inhoud daarvan verander, dit ontsier of andersins daarmee peuter nie.
- (3) 'n Kennisgewing wat deur die munisipaliteit ingevolge subartikel (1) aangebring of opgerig is mag 'n grafiese voorstelling bevat om 'n betekenis oor te dra.
- (4) Enige persoon wat 'n bepaling van hierdie artikel oortree pleeg 'n misdryf.

## 7. Toestemming vereis vir sekere aktiwiteite

- (1) Geen persoon mag sonder om eers die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit te verkry op of in 'n openbare gerief —
  - (a) enige van die volgende reël, hou, aanbied of bywoon nie:
    - (i) openbare vermaak;
    - (ii) 'n vergadering;
    - (iii) 'n openbare byeenkoms of optog, uitstalling of optrede; of
    - (iv) 'n veiling.
  - (b) geld of enige ander goedere vir liefdadigheids- of enige ander doel van die breë publiek invorder;
  - (c) 'n pamflet, plakkate, skildery, boek, 'n rekening of 'n gedrukte, geskrewe of geveerde werk vertoon of versprei; of
  - (d) enige ambag, beroep of besigheid bedryf.
- (2) Niemand mag by of in 'n openbare gerief enige aktiwiteit verrig of onderneem in stryd met die aanwysings op 'n kennisgewingbord soos bedoel in artikel 6(1) nie.
- (3) Geen persoon mag sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit enige heining, struktuur, dam, skuiling of enigiets anders in 'n openbare gerief oprig of vestig nie en 'n persoon wat sodanige toestemming verkry het, mag sodanige heining, struktuur, dam, skuiling of enigiets anders net in 'n toegewese area wat uitsluitlik vir dié doel opsygesit is, oprig.
- (4) Geen persoon mag sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit 'n vuurwapen in 'n openbare gerief inbring of dit in sy of haar besit hê nie, en die Munisipaliteit mag net in die volgende omstandighede sodanige toestemming verleen:
  - (a) vir die afvuur van loskruitpatrone gedurende georganiseerde kompetisies, soos vir lewensredders of gedurende sportvergaderings;
  - (b) in verband met die insameling van monsters van mariene lewe, of voëls of diere, of vir wetenskaplike doeleindes;
  - (c) vir die wettige uitdunning van diere; of
  - (d) as 'n teken dat 'n persoon in nood verkeer in die geval waar 'n beoogde aktiwiteit vereis dat 'n noodsein gegee moet word by wyse van die afvuur van 'n vuurwapen.



- (5) 'n Persoon wat die toestemming van die munisipaliteit, soos beoog in subartikel (1) wil verkry, moet die voorgeskrewe aansoekvorm invul en aan die munisipaliteit voorlê en die munisipaliteit mag moontlik sodanige toestemming verleen, welke toestemming op gemelde vorm aangedui sal word, onderworpe aan enige sodanige voorwaardes wat die munisipaliteit nodig ag en onderworpe aan 'n betaling van die voorgeskrewe gelde en 'n persoon wat voedsel wil verkoop moet, afgesien van die bepalings van hierdie verordening, ook voldoen aan die bepalings van enige toepaslike wetgewing wat op die verkoop van voedsel van toepassing is.
- (6) 'n Persoon wat toestemming ingevolge subartikel (5) verkry het, moet te alle tye wanneer hy of sy 'n aktiwiteit verrig waarvoor toestemming verleen is, sodanige magtiging vir toestemming in sy of haar besit bewaar en moet sodanige magtiging onmiddellik op versoek van 'n beampte toon.
- (7) Persone wat enige bepaling van hierdie artikel oortree, pleeg 'n misdryf.

## 8. Gebruik van openbare geriewe

Die munisipaliteit mag 'n ooreenkoms aangaan met enige persoon in terme waarvan 'n openbare gerief of enige gedeelte daarvan gebruik mag word vir die doeleindes van en onderworpe aan enige voorwaardes in sodanige ooreenkoms uiteengesit.

## 9. Permit

- (1) Nieteenstaande die bepalings van Artikels 4, 5(1), 5(3) en 6(1), mag die munisipaliteit, wanneer 'n skriftelike aansoek aan die munisipaliteit voorgelê word en onderworpe aan enige sodanige voorwaardes wat die munisipaliteit goeddink om in te stel, 'n permit gratis uitreik —
  - (a) aan 'n groep mense soos byvoorbeeld, maar nie beperk nie, tot 'n groep *bona fide studente*; of
  - (b) aan 'n persoon wat wetenskaplike, opvoedkundige of soortgelyke navorsing doen.
- (2) Die houer van 'n permit wat ingevolge subartikel (1) uitgereik is, mag, onderworpe aan enige ander voorwaardes wat in gemelde subartikel gestel word —
  - (a) indien hy of sy die houer van 'n geldige jaglisensie is, fauna onder die toesig, beheer en volgens die instruksies van 'n beampte, in of op 'n openbare gerief jag, vang, doodmaak of verwyder;
  - (b) fauna in of van 'n openbare gerief optel, vewyder of afhaal, onderworpe aan die bepalings van paragraaf (f);

- (c) enigiets van historiese of wetenskaplike belang in of van 'n openbare gerief neem of verwyder, onderworpe aan die bepalings van paragraaf (f);
  - (d) duiktoerusting, 'n wapen, plofstof, 'n strik, gif, hamer, saag, mes of tuinwerktuig, lewende of dood fauna, of flora in sy of haar besit hê;
  - (e) enige flora wat gepluk is of 'n karkas wat gejag is van 'n openbare gerief verwyder net indien die beampte —
    - (i) sodanige flora of karkas geïnspekteer het;
    - (ii) indien sodanige beheerbeampte dit nodig of wenslik ag, die afmetings of massa meet, of 'n monster van sodanige flora of karkas neem; en
    - (iii) die permithouer skriftelik magtig om sodanige flora of karkas te verwyder;
  - (f) grond, sand of klip uitgrawe of organiese of nie-organiese voorwerpe verwyder.
- (3) Die houer van 'n permit moet, by aankoms by die betrokke openbare gerief, sodanige permit aan die beheerbeampte toon, en 'n persoon wat nalaat om dit te doen, begaan 'n misdryf.
- (4) Die houer van 'n permit wat 'n aktiwiteit in stryd met 'n voorwaarde wat hom of haar opgelê is onderneem, pleeg 'n misdryf.

## **10. Voorgeskrewe gelde**

Die Munisipaliteit mag gelde bepaal wat ingevolge hierdie verordening betaalbaar is.

## **11. Diere**

- (1) Niemand mag enige dier by 'n openbare gerief inneem in stryd met 'n verbod wat op 'n kennisgewingbord aangebring is nie.
- (2) Indien 'n persoon toegelaat is om 'n dier in 'n openbare gerief in te bring, moet hy of sy regstreekse en fisieke beheer oor die dier uitoefen deur middel van 'n leiband of ander toestel en mag sodanige dier nie in enige dammetjie, fontein of ornamentele water bad of was of toelaat dat die dier die water binnegaan of daarin bly nie.
- (3) Indien 'n dier in 'n openbare gerief aangetref word wat nie onder die regstreekse beheer van 'n persoon is nie, mag so 'n dier deur die munisipaliteit geskut word en na 'n skut verwyder word waar daar in terme van die munisipaliteit se Skutverordeninge met die dier gehandel sal word.
- (4) 'n Persoon wat subartikels (1) of (2) oortree, begaan 'n misdryf.

## 12. Verbode gedrag

### (1) Niemand —

- (a) wat dronk of onder die invloed van enige verdowingsmiddel is mag 'n openbare gerief binnegaan of daar bly nie, en sodanige persoon mag nie tot 'n openbare gerief toegelaat word nie;
- (b) mag in of by 'n openbare gerief —
  - (i) enigiets breek, beskadig, vernietig, daarmee peuter, wangebruik, ontsier of versuim om 'n opdrag van die munisipaliteit te gehoorsaam nie;
  - (ii) 'n klip, rots of voorwerp gooi of 'n rots, klip of voorwerp by 'n berg, koppie, skuinste of rotswand afrol nie;
  - (iii) enige flora wat in die gerief groei, uittrek, pluk, afsny of beskadig of sodanige flora in sy of haar besit hê nie, behalwe indien hy of sy ingevolge Artikel 9(2)(b) gemagtig is om dit te doen;
  - (iv) op 'n blombedding loop, staan, sit of lê nie;
  - (v) in stryd met 'n kennisgewingbord op enige gras loop, staan, sit of lê nie;
  - (vi) graffiti of 'n prent op 'n struktuur of pad skryf, verf, of teken nie;
  - (vii) grond, sand of klip uitgrawe of organiese of onorganiese voorwerpe verwyder nie;
  - (viii) inmeng met die vloei van water, die watervloei belemmer, 'n stroom aflei of 'n vleiland dreineer nie;
  - (ix) enigiets wat deur die munisipaliteit voorsien word, ontsier deur op enige wyse enige biljette, papiere, plekkaartjies, kennisgewings of enigiets anders op te plak of aan te bring nie;
  - (x) 'n voertuig was, poleer of herstel nie, behalwe noodherstelwerk aan 'n voertuig;
  - (xi) vullis verbrand nie;
  - (xii) enige vullis, afval, rommel, klip, sand, grond, materiaal, bottels, hout, metaal, mis, afval, vis, vuilgoed of enige voorwerp of ding stort, weggooi, aflaai, laat of plaas nie;
  - (xiii) enige breekgoed of wasgoed was of klere uithang nie, behalwe op plekke waar 'n kennisgewing aandui dat dit vir dié doel gebruik kan word;

- (xiv) enigiets wat die munisipaliteit in sodanige gerief voorsien het, gebruik of probeer gebruik vir enige doel anders as die doel waarvoor dit bestem is of wat by wyse van die kennisgewing bepaal is nie;
- (xv) 'n brandende of smeulende voorwerp weggooi of dit uit 'n voertuig gooi nie;
- (xvi) hom of haar op 'n onbehoorlike, onbetaamlike of ontoepaslike wyse gedra nie;
- (xvii) ontlas, urineer, of sy of haar klere uittrek nie, behalwe in 'n gebou of 'n perseel wat vir dié doel bestem is;
- (xviii) op 'n bank of sitplek wat deur die munisipaliteit voorsien is, lê of dit op so 'n wyse gebruik dat ander gebruikers of potensiële gebruikers dit onmoontlik vind om dit te gebruik nie;
- (xix) met speelterreintoerusting speel of daarop sit nie, behalwe indien die betrokke persoon 'n kind onder die ouderdom van dertien jaar is;
- (xx) in 'n visdam, fontein, dam, kunsmatige voorwerp of dammetjie swem, loop of speel nie;
- (xxi) mag enige bad wat deur die munisipaliteit voorsien is, binnegaan indien hy of sy 'n oop wond op sy of haar liggaam het nie;
- (xxii) enige daad verrig wat die gesondheid van 'n ander persoon nadelig mag raak nie;
- (xxiii) 'n toiletfasiliteit wat vir gebruik deur lede van die teenoorgestelde geslag bestem is of wat volgens 'n kennisgewing vir lede van die teenoorgestelde geslag bestem is, binnegaan of gebruik nie;
- (xxiv) oornag bly of oorslaap, afgesien van ingevolge Artikel 14 nie;
- (xxv) 'n dier jag, beseer, versteur, voer, doodmaak, seermaak, volg, sleg behandel of vang of 'n voël, nes of eier verskuif, versteur, vernietig of verwyder of 'n lewende dier afslag of die binnegoed verwyder nie, behalwe indien hy of sy ingevolge artikel9(2)(a) daartoe gemagtig is;
- (xxvi) 'n vuurwapen, windbuks of luggpistool afvuur nie, behalwe indien die nodige toestemming soos beoog in artikel 7(4) verkry is, of 'n boog of vuurwerke afvuur of 'n kettie of voëlrek gebruik nie;
- (xxvii) 'n boog aftrek of 'n slingervel of kettie gebruik nie;

- (xxviii) op enige wyse hoegenaamd inbreuk maak op die veiligheid, gerief of regte van ander mense nie;
  - (xxix) 'n speletjie van enige aard hoegenaamd speel op 'n wyse wat ergernis veroorsaak of die openbare veiligheid bedreig nie; of
  - (xxx) sy of haar liggaam ontbloot of onbetaamlik geklee wees nie.
- (c) mag 'n openbare gerief binnegaan —
- (i) of verlaat behalwe by wyse van die amptelike toegang en uitgang; en
  - (ii) indien die toegangsgelde soos beoog in artitel 5(1) nie betaal is nie.
- (d) enige wilde dier, voël of flora in 'n openbare gerief inbring of vrylaat nie;
- (e) mag, in binnelandse water —
- (i) swem, visvang of andersinds hengel indien nie daartoe gemagtig by wyse van 'n kennisgewing soos bedoel in artikel 6(1);
  - (ii) vis met 'n net vang nie;
  - (iii) vis sonder die munisipaliteit se goedkeuring voer nie;
  - (iv) hom- of haarself was of enigiets skoonmaak nie.
- (f) mag enige vaartuig op binnelandse water gebruik op enige plek behalwe waar dit deur middel van 'n kennisgewingbord wat ingevolge artikel 6(1) opgerig is nie;
- (g) mag op enige strand 'n vuur maak of alkohol gebruik nie.
- (h) mag vlieërvlieg, wind branderplank, vlieër branderplank en water sport aktiwiteite of die gebruik van bote of ander jet aangedrewe vernuf op enige van die erkende en afgebakende blouvlag strande/areas onder die beheer van die munisipaliteit.
- (i) Mag visvang of andersinds hengel op enige van die erkende en afgebakende blouvlag strande/areas onder die beheer van die munisipaliteit.
- (2) 'n Persoon wat 'n bepaling van Subartikel (1) oortree, begaan 'n misdryf.

### **13. Voertuie**

- (1) Niemand mag enige vragmotor, bus, motorvoertuig, motorfiets, vierwielfiets, fiets of enige ander voertuig in 'n openbare gerief bring nie, behalwe in ooreestemming met die instruksies van die munisipaliteit.
- (2) Waar 'n persoon toegelaat word om 'n voertuig in 'n openbare gerief of gedeelte van 'n openbare gerief te bestuur, mag hy of sy nie —
  - (a) op 'n ander plek as op 'n pad wat deur die munisipaliteit gebou is, met die voertuig ry nie; of
  - (b) die voertuig bestuur teen 'n spoed wat die spoed oorskry wat op die kennisgewingbord verskyn wat die munisipaliteit opgerig het.
- (3) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing op 'n noodvoertuig indien dit wettiglik vir sodanige doel gebruik word nie, of 'n voertuig wat in 'n noodgeval gebruik word nie, of 'n voertuig wat deur 'n beampte in die uitvoering van sy of haar pligte gebruik word nie.
- (4) 'n Persoon wat 'n bepaling van subartikel (1) oortree, begaan 'n misdryf.

### **14. Kampering**

- (1) Niemand mag op enige grond wat aan die munisipaliteit behoort of onder die munisipaliteit se beheer is kamp nie, behalwe op 'n kampeerperseel binne die grense van 'n kampeerruimte.
- (2) Niemand mag vir langer as drie maande, aaneenlopend of andersinds, binne 'n periode van twaalf maande in 'n kampeerruimte sonder die skriftelike goedkeuring van die munisipaliteit kamp nie.
- (3) Die munisipaliteit mag enige aansoek wat ontvang word goed- of afkeur en mag ook enige voorwaardes stel, maar die tydperk waarvoor die goedkeuring verleen word mag nie 'n verdere drie maande oorskry nie.
- (4) Die okkupeerder van die kampeerperseel moet die persoon wees wie se naam op die permit verskyn en hy of sy mag nie die perseel onderverhuur, sedeer, verkoop of op enige ander wyse sy of haar reg vervreem nie.
- (5) Die reservering van kampeerpersele sal slegs by die ontvangs van 'n skriftelike aansoek oorweeg word.
- (6) Die munisipaliteit mag voorwaardes bykomstig tot dié wat in hierdie verordening vervat is stel vir alle kampeerterreine wat onder die munisipaliteit se beheer is.

- (7) Die munisipaliteit mag voorwaardes stel vir die daarstelling van privaat kampeergeriewe.
- (8) Enige persoon wat die bepalings van subartikels (1), (2) en (4) of enige voorwaarde wat deur die munisipaliteit gestel is verbreek, pleeg 'n misdryf.

#### **15. Karavaanparke**

- (1) Die munisipaliteit mag voorwaardes stel vir die daarstelling van privaat karavaanparke.
- (2) Die munisipaliteit mag voorwaardes bykomstig tot dié wat in hierdie verordening vervat is stel vir alle kampeerterreine wat onder die munisipaliteit se beheer is.
- (3) Enige persoon wat enige voorwaarde wat ingevolge subartikels (1) en (2) deur die munisipaliteit gestel is verbreek of versuim om daaraan te voldoen, pleeg 'n misdryf.

### **HOOFSTUK II: DIVERSE BEPALINGS**

#### **16. Bevoegdhede van beampte en oortredings**

Die beampte wat deur die munisipaliteit aangestel is om hierdie verordening te monitor en af te dwing mag enige handeling of versuim ondersoek wat redelikerwys vermoed word 'n misdryf te wees en iemand begaan 'n misdryf indien hy of sy —

- (a) 'n beampte in die uitoefening van sy of haar bevoegdhede of in die uitvoering van sy of haar pligte bedreig, teëstaan, hinder of belemmer of lelike, onweloweglike of beledigende taal teenoor die beampte gebruik; of
- (b) hom- of haarself valslik as 'n beampte voordien;
- (c) vals of misleidende inligting verstrek wanneer hy of sy aan 'n versoek van 'n beampte voldoen; of
- (d) versuim om aan 'n versoek van 'n beampte te voldoen.

#### **17. Appèl**

Iemand wie se regte geraak word deur 'n besluit van die munisipaliteit of 'n beampte wat ingevolge hierdie verordening optree, kan teen dié besluit appelleer deur skriftelike kennisgewing van sy of haar voorneme om te appelleer en die redes daarvoor aan die Munisipale Bestuurder voorlê ingevolge artikel 62 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelselwet, Wet 32 van 2000.

## **18. Strawwe**

Iemand wat 'n misdryf ingevolge hierdie verordening begaan het, is by skuldigbevinding aanspreeklik vir 'n boete of, indien die boete nie betaal word nie, gevangenisstraf of sodanige gevangenisstraf sonder die opsie van 'n boete, of sowel die boete as sodanige gevangenisstraf en, in die geval van 'n opeenvolgende of volgehoue misdryf, vir 'n boete vir elke dag waarop sodanige misdryf voortduur, of indien die boete nie betaal word nie, tot bykomende gevangenisstraf.

## **19. Beperking van aanspreeklikheid**

Die Munisipaliteit is nie aanspreeklik nie vir enige skade of verlies wat veroorsaak is deur —

- (a) die uitoefening van enige bevoegdheid of die verrigting van enige plig te goeder trou ingevolge hierdie Verordening; of
- (b) die versuim om enige bevoegdheid uit te oefen of om enige funksie of plig te goeder trou ingevolge hierdie Verordening te verrig.

## **20. Bekragtiging en dien van kennisgewings en ander dokumente**

- (1) 'n Kennisgewing wat ingevolge hierdie Verordening deur die Munisipaliteit uitgereik word, word geag behoorlik uitgereik te wees indien 'n beampte wat deur die Munisipaliteit gemagtig is, dit onderteken het.
- (2) Enige kennisgewing of ander dokument wat ingevolge hierdie Verordening op 'n persoon beteken word, word geag as behoorlik gedien—
  - (a) wanneer dit persoonlik by daardie persoon afgelewer is;
  - (b) wanneer dit by daardie persoon se verblyfplek of sakeonderneming in die Republiek gelaat is by 'n persoon wat oënskynlik ouer as sestien jaar is;
  - (c) wanneer dit per geregistreerde of gesertifiseerde pos gestuur is aan daardie persoon se jongs-bekende residensiële of sake-adres in die Republiek, en bevestiging van die pos daarvan by die posdiens verkry is;
  - (d) indien daardie persoon se adres in die Republiek onbekend is, wanneer dit op daardie persoon se agent of verteenwoordiger in die Republiek beteken is op die wyse bepaal in paragrawe (a), (b) of (c);
  - (e) indien die betrokke persoon se adres en agent of verteenwoordiger in die Republiek onbekend is, wanneer dit op 'n prominente plek op die grond of sakeperseel waarop dit betrekking het, aangebring is;



- (f) in die geval van 'n bestuursliggaam, wanneer dit by die geregistreerde kantoor van die sakeperseel van sodanige bestuursliggaam afgelewer is; of
  - (g) wanneer dit op versoek van die betrokke persoon by sy of haar e-posadres afgelewer is.
- (3) Die dien van 'n afskrif word geag die dien van die oorspronklike te wees.
- (4) Wanneer enige kennisgewing of ander dokument op die eienaar, okkupeerder of houer van enige eiendom, of reg op 'n eiendom, beteken word, is dit toereikend indien die betrokke persoon in die kennisgewing of ander dokument beskryf word as die eienaar, okkupeerder of houer van die eiendom of die betrokke reg, en is dit nie nodig om die naam van die persoon te verstrek nie.

## **21. Vermoede**

By enige vervolging in terme van hierdie verordening sal dit, tensy die teendeel bewys word, vermoed word dat enige dier wat in 'n openbare gerief aangetref word, deur die eienaar of 'n persoon onder beheer van die eienaar in so 'n openbare gerief gebring is of dat die eienaar of ander persoon die dier toegelaat het om die openbare gerief binne te gaan.

## **22. Aangaan van ooreenkomste**

Die munisipaliteit mag 'n skriftelike ooreenkoms aangaan met enige persoon, staatsorgaan, plaaslike gemeenskap of organisasie ten einde voorsiening te maak vir —

- (a) die gesamentlike ontwikkeling van enige openbare gerief; of
- (b) die gesamentlike bestuur van enige openbare gerief; en
- (c) die regulering van menslike aktiwiteite in 'n openbare gerief.

## **23. Skakelforums in gemeenskap**

- (1) Die Munisipaliteit mag een of meer skakelforums in 'n gemeenskap instel vir die doel om —
- (a) geleenthede vir die gemeenskap te skep om deel te neem aan die aangeleenthede van die munisipaliteit;

- (b) die gemeenskap aan te moedig om deel te neem aan die aangeleenthede van die munisipaliteit; en
  - (c) die effektiewe en veilige gebruik van openbare geriewe te bevorder.
- (2) 'n Skakelforum mag bestaan uit —
- (a) 'n lid of lede van 'n belangegroep, of geaffekteerde persoon;
  - (b) 'n lid of lede van 'n gemeenskap in wie se onmiddellike omgewing 'n openbare gerief bestaan;
  - (c) 'n aangewese beampte of beamptes van die Munisipaliteit; en
  - (d) die raadslid verantwoordelik vir openbare geriewe.
- (3) (a) Die Munisipaliteit mag wanneer 'n aansoek om toestemming, permit of vrystelling sertifikaat oorweeg word ingevolge hierdie verordening, waar van toepassing, die insette van 'n skakelforum versoek.
- (b) 'n Skakelforum of enige persoon of persone gedoel in subartikel (2) mag op eie inisiatief, 'n inset aan die Munisipaliteit vir oorweging stuur.

## **24. Herroeping van verordeninge**

Die bepalings van enige verordeninge wat voorheen deur die munisipaliteit of deur enigeen van die afgeskafte munisipaliteite wat nou in die munisipaliteit geïnkorporeer is, afgekondig is, word hiermee herroep insoverre hulle betrekking het op sake waarvoor daar in hierdie verordening voorsiening gemaak word en insoverre dit toepaslik gemaak is op die munisipaliteit deur die magtiging vir die uitvoering van magte en funksies ingevolge Artikel 84(3) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Wet 117 van 1998.

## **22. Kort titel en inwerkingtreding**

Hierdie verordening staan bekend as die Verordening insake Openbare Geriewe en tree in werking op die datum van publikasie in die *Provinsiale Koerant*.



